**KINGSWOOD COLLEGE**
**DEPARTEMENT AFRIKAANS**
**GRAAD 8 TOETS – 2016**

**EKSAMINATOR: D. KOEN** **TOTAAL: [50]**

---

**Vraag 1 – Begriplees**

**Lees die volgende artikel en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.**

# Tieners kan met *Spud* identifiseer

Deur **Mieke Hofmeyr en Ingrid Heÿdenrÿch**

*Spud: Learning to fly*, die derde fliek in die Spud-reeks, begin vandag landwyd in teaters wys. Dié fliek het ’n nuwe regisseur, John Barker, en die draaiboek is geskryf deur die skrywer van die boeke, John van de Ruit. Die JJ’s Mieke Hofmeyr en Ingrid Heÿdenrÿch het met John van de Ruit, John Barker en Ross Garland, die vervaardiger, gesels.

**JIP: John van de Ruit, die vorige twee flieks het die boeke se naam hoog gehou. Doen *Spud: Learning to fly* dieselfde?**

**John van de Ruit:** Ek dink definitief so. Ek mag selfs so ver gaan as om te sê dié een is dalk my gunsteling! Ek dink dis omdat Spud ouer word en omdat ek die **geleentheid** gehad het om die draaiboek vir die fliek te skryf. Die belangrikste ding om te weet wanneer jy ’n boek in ’n draaiboek verwerk, is wat om te hou en wat om uit te sny. Dit is moeilik met *Spud* omdat die boeke bestaan uit ’n klomp episodiese gebeurtenisse. Met die draaiboek moet jy hooftemas kies wat jou storielyn doeltreffend gaan deurdra tot aan die einde. Ek dink dié is ’n fantastiese fliek en **dit tokkel ’n mens se hartsnare** op ’n manier wat ek nie kan verduidelik nie.

**JIP: John Barker, wat het jou aangetrek tot die fliek? Wat het jou laat besluit om die regisseur daarvan te word?**

John Cleese was ’n groot trekpleister. Hy was een van my helde vandat ek klein was. Ook oor die feit dat dit deur John geskryf is. Ek respekteer hom baie. Ek kon identifiseer met dele van die storie. Ek was in ’n seunskool, het krieket gespeel en soortgelyke vriende gehad, net met ander name. Verder het ek en Ross saamgewerk aan *31 million reasons* en dit het net reg gevoel. Dis lekker as ’n mens verhoudings met ander mense het.

**JIP: Ross, is daar iets wat tydens die maak van die fliek vir jou uitgestaan het? Wat maak dit anders as die vorige twee flieks?**

**Ross:** Die flieks het al só inmekaar gevloei dat dit moeilik is om een ervaring uit te sonder. Ek moet erken dat die fliek meer ontspannend was as die vorige twee. Ons het al mislukkings en suksesse met die vorige twee gehad en nou weet ons min of meer wat werk en wat nie. Met die eerste *Spud* was alles baie stresvol. Hoe gaan ons die storie op die skerm laat vlamvat? Gaan mense dit geniet? Dit was alles vrae wat ons wakker gehou het in die aande. Nou is dit alles weg en is daar ruimte vir asemhaal. Ons fokus nou net op sleutelvrae: Is dit snaaks en vermaaklik?

**JIP: Wat wil jy hê moet mense voel nadat hulle die fliek gekyk het?**

**Ross**: Ek dink hulle moet hul beste vriende en familie 'n druk wil gee, want in krisistye is dit húlle na wie jy draai. Ek dink met John se regie en veral Troye en Spud se ma en pa se optredes is die laaste halfuur van die fliek regtig hartroerend.

**JIP: John van de Ruit, was daar 'n akteur wat jou laat dink het: "Dis wie ek verbeel het toe ek die boek geskryf het"?**

**John van de Ruit**: Dis 'n interessante vraag! Ek dink die naaste, snaaks genoeg, sal Troye wees. Net omdat hy 'n bietjie gelyk het soos die voorblad van die boek. Ek dink ook die eerste keer wat ek hom gesien het, toe Ross vir my 'n video van hom gewys het, was toe hy soos 4 jaar oud was. Hy het lang hare gehad en het soos 'n regte *pre-teen* gelyk. Hy het hierdie wonderlike blou oë gehad wat net vir jou gestaar het en ek het net gedink: Ek wonder hoe hy sal lyk sonder die lang hare. Toe hy hier aangekom het, was sy hare gesny en ek het gedink: Dís Spud! Dit het my 'n rukkie gevat om aan die res van die Crazy 8 gewoond te raak. In die tweede fliek was dit meer van "O, daar is Fatty", ensovoorts, en het ek hulle as die karakters begin sien. Toe ek die vierde boek geskryf het, kon ek nie hierdie ouens uit my kop kry nie. Soos toe ek oor Guv geskryf het. Ek het gedink ek skryf dit vir John Cleese en terwyl ek skryf, het ek gedink dat dit seker in 'n toneel vir die fliek omskep sal word en dit was nogal surrealisties.

**JIP: Hoekom sal julle sê moet mense *Spud: Learning to fly* gaan kyk?**

**Ross:** Soos met die eerste twee flieks het ons probeer om die fliek baie eg en realisties te maak. Die eerste fliek het gegaan oor hoe dit werklik is om 14 te wees. Spud was 15 in die tweede fliek en nou maak hy gereed vir sy lewe as 'n 16-jarige. Ek dink ook dat John, die regisseur, baie ruimte geskep het vir die akteurs se opinies. Ek dink dit is wonderlik vir tieners om die fliek te kyk en te lag en geraak te word deur dinge wat jy ook ervaar of onlangs ervaar het. *Spud* is amper 'n internasionale franchise en ek dink dis lekker vir Suid-Afrikaanse tieners om die fliek te kyk en werklik daarmee te kan identifiseer. Dis nie iets wat hulle elke dag kan doen nie.

*Bron: http://www.netwerk24.com/ontspan/2014-11-28-tieners-kan-met-spud-identifiseer*

1.1. In watter **koerantbylaag** het hierdie artikel verskyn? …………………………… (1)

1.2. Wat is die Engelse woord vir *geleentheid*? ……………………………………….. (1)

1.3. Wie het hierdie artikel **geskryf**?

…………………………………………………………………………………… (2)

1.4. Wie is Ross Garland en wat was sy bydrae tot die film?

……………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………… (2)

1.5. Wie is John van de Ruit?

……………………………………………………………………………………………… (1)

1.6. Wat is die belangrikste faktore om te oorweeg wanneer ’n boek verfilm word?

………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………… (2)

1.7. Wat beteken dit as iemand se **hartsnare getokkel word**?

………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………… (2)

1.8. Watter akteur was een van John Barker se helde?

……………………………………………………………………………………………… (1)

1.9. Wie vertolk die rol van Spud? (Skryf slegs sy NAAM neer.)

……………………………………………………………………………………………… (1)

1.10. Hoe oud is Spud in hierdie film?

……………………………………………………………………………………………….. (1)

1.11. Wat is ’n *pre-teen*?

………………………………………………………………………………………………..

……………………………………………………………………………………………….. (1)

**[15]**

=================================================================

**Vraag 2 – Woordeskat**

Skryf die **Afrikaanse** woord **UIT DIE TEKS** neer vir die volgende woorde:

| | |
|---|---|
| *2.1. series* | |
| *2.2. director* | |
| *2.3. producer* | |
| *2.4. favourite* | |
| *2.5. heros* | |

| | |
|---|---|
| *2.6. relationships* | |
| *2.7. experience* | |
| *2.8. breathe* | |
| *2.9. funny* | |
| *2.10. question* | |
| *2.11. front cover* | |
| *2.12. cut* | |
| *2.13. imagine* | |
| *2.14. etcetera* | |
| *2.15. realistic* | |

**[15]**

==================================================================

**Vraag 3 – Taalleer**

Skryf die volgende sinne oor deur met die gegewe woord(e) te begin:

3.1. Spud is ’n onskuldige tienerseun.

**Laas jaar** …………………………………………………………………………………….. (1)

3.2. Spud eet elke dag lekker kos in die skool se eetsaal wanneer hy honger is.

**In die verlede** ……………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………….. (2)

3.3. Spud oefen elke dag hard vir die atletiekseisoen om fiks te word.

**Om fiks te word** ………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….. (1)

3.4. Hou jy van Spud?

**Nee**, ………………………………………………………………………………………….. (1)

3.5. Spud en Rambo speel vroeg in die oggend krieket op die krieketveld.

**Môre** ……………………………………………………………………………………………..

…………………………………………………………………………………………………. (1)

3.6. **Verbind die sinne met die volgende VOEGWOORDE**:

3.6.1. Susan en Marie is nie meer vriende nie. Hulle is albei verlief op Spud. **(want)** (1)

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

3.6.2. Rambo is nie ’n goeie seun nie. Hy is ’n boelie. **(omdat)** (1)

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

3.6.3. Fatty hou baie van kos. Hy eet baie tydens etenstyd. **(daarom)** (1)

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

3.6.4. Spud is verlief op Mermaid. Sy is ’n aantreklike meisie. **(aangesien)** (1)

…………………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………………

**[10]**

==========================================================================

**Vraag 4 – Vertaling**

Vertaal die volgende sinne in **Afrikaans**.

4.1. *Spud is a sensitive teenage boy. He is in love with Mermaid.*

…………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………… (1)

4.2. *Wombat is Spud’s grandmother.*

………………………………………………………………………………………………………… (1)

4.3. *Spud’s school, Michaelhouse, is in KwaZulu-Natal.*

………………………………………………………………………………………………………… (1)

4.4. *Spud doesn’t approve of Rambo bullying the other boys.*

…………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………… (1)

4.5. I like reading the Spud books.

……………………………………………………………………………………………………………. (1)

**[5]**

==========================================================================

**Vraag 5 – Algemene begrip**

5.1. In watter jaar is jy gebore? ……………………………………………………………………… (1)

5.2. Watter vak is jou gunstelingvak? ………………………………………………………………… (1)

**Kies slegs die korrekte antwoord – ONDERSTREEP DIE REGTE ANTWOORD:**

5.3. **Geskiedenis** is …

A: GEOGRAPHY
B: NATURAL SCIENCE
C: HISTORY
D: ECONOMICS (1)

5.4. Die **skoolhoof** is …

A: HOUSEMOTHER
B: HEADMASTER
C: DEPUTY HEADMASTER
D: HOUSEFATHER (1)

5.5. Die **koerant** is …

A: NEWSLETTER
B: NEWSPAPER
C: NEWS
D: NONE OF THE ABOVE (1)

**[5]**

============================================================================

**GROOTTOTAAL: [50]**